# Afrikaans EAT - Kwartaal 4
# - Gekontroleerde Toets

**Graad 5**

Naam: ____________________

Datum: ____________ Class: ____________ **Totaal: / 40**

Eksaminator: ____________________

Moderator: ____________________



**Instruksies:**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 4 afdelings:
    1. **Afdeling A**: Literêre Teks (15 punte)
    2. **Afdeling B**: Visuele Teks (10 punte)
    3. **Afdeling C**: Opsomming (5 punte)
    4. **Afdeling D**: Taal in konteks (10 punte)
2. Beantwoord al die vrae op die vraestel.
3. Lees jou vrae deeglik deur.
4. Skryf duidelik en leesbaar.
5. Gee aandag aan spelling en sinskonstruksie.



besoek twinkl.co.za
Quality Standard Approved
LIVEWORKSHEETS

**Afdeling A:** **Literêre Teks**

# Stropers

- Fanie Viljoen

"Jig! Wat maak jy?" vra Botle toe sy om die huis se hoek kom en vir Ata sien. Sy trek haar neus op. Ata sit voor 'n bak modder. Daar is modderspatsels (mud splatter) op sy gesig en klere. Tot sy hande is vol modder.

"Ek maak klei-renosters," sê Ata opgewonde.

"Maar kyk net hoe lyk jy!" Botle trek haar mond ook nou skeef. Sy hou nie daarvan om vuil te wees nie.

"Dit kan alles weer skoon gewas word," antwoord Ata.

Botle kom stadig nader na Ata toe. Sy maak seker sy is ver genoeg van die modderbak af; sy wil nie ook vol modder word nie. Langs Ata staan daar al 'n klomp klei-renosters wat besig is om droog te word in die son. Botle vat aan een van die renosters wat al droog is. Die horinkie druk in haar vinger.

"Moenie!" roep Ata. "Jy is nou net soos die renosterstropers (poachers), wat die renosters se horings afsny.

"Ek het nie die horing afgesny nie, ek kyk net," sê Botle kwaad.

"Ek weet, maar sonder 'n horing is 'n renoster niks nie." Ata sit nog 'n klein renoster langs die ander neer. Hy vee die klei van sy hande af. "Ek sal hulle nie kan verkoop as hulle nie horings het nie."

"Hoekom verkoop jy hulle?" vra Botle.


"Ek samel geld in om die renosters te red (save). Weet jy dat daar in 2010 nog net 22 000 swart- en witrenosters in Suid-Afrika oor was?"

Botle frons. "Sjoe! Dis min," sê sy.

"Maar ek gaan nie net agteroor sit en kyk dat die renosters uitsterf (extinction) nie," sê Ata, "Ek gaan my renosters verkoop en die geld aan die Red die Renoster Vereniging skenk."

Botle kyk 'n ruk na Ata en sien hy is baie ernstig (serious) hieroor. Dit is seker vir 'n goeie doel dat hy vandag so vuil word. 'n Mens se hande en klere kan mos weer gewas word. Sy glimlag vir Ata en steek ook haar hand in die bak.

"Sal jy my leer hoe om 'n renoster te maak?" vra sy.





LIVEWORKSHEETS

**Lees die leesstuk, Stropers, deeglik deur en antwoord die volgende vrae.**

1. Antwoord die vrae met **kort** antwoorde.
    1. Watter dier sterf volgens die leesstuk uit? ________________________ (1)
    2. Waarvan maak Ata die renosters? ________________________ (1)
    3. Wat gebruik Ata om die renosters droog te maak? ________________________ (1)
    4. Wie sny die renosters se horings af? ________________________ (1)

2. Kies die korrekte antwoord en **onderstreep** dit. (4)

    1. **Stropers is mense wat ...**
    a. in 'n fabriek stroop maak.
    b. die lande stroop van bome.
    c. wat renoster vang en uitroei. (1)

    2. **Botle hou nie van...**
    a. Ata nie.
    b. vuil wees nie.
    c. water nie. (1)

    3. **Daar was in 2010 net ____________ renosters oor in Suid-Afrika.**
    a. 22 000
    b. 20 200
    c. 20 002 (1)

    4. **Daar was baie modder op Ata. Waar was daar nie modder nie?**
    a. Sy hande.
    b. Sy gesig.
    c. Sy hare. (1)


LIVEWORKSHEETS

**3. Die volgende stellings is onwaar. Verander die stelling sodat dit waar is.**

1. Ata maak klei-renosters om mee te speel.

_______________________________________________(1)

2. Botle breek die klei-renoster se horing af.

_______________________________________________(1)

3. Ata hou nie daarvan dat sy klere vuil is nie.

_______________________________________________(1)

4. Botle weet hoe om klei-renosters te maak.

_______________________________________________(1)

**4. Beantwoord die volgende vraag met 'n volsin.**


1. Wat gaan Ata met die klei-renosters maak? Noem **twee** feite.

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________(3)

**[Totaal: 15]**





LIVEWORKSHEETS

**Afdeling B:** **Visuele Teks**

Kyk deeglik na die volgende advertensie en antwoord die vrae wat volg.






twinkl besoek twinkl.co.za
LIVEWORKSHEETS

1. **Kies die korrekte antwoord** en maak 'n kruis (X) oor die regte antwoord.

   1. Hoeveel renosters leef nog in die wildernis? (1)

| | | |
|---|---|---|
| 27,00 | 20,700 | 27,000+ |

   2. Op watter dag is dit Wêreld Renoster Dag? (1)

| | | |
|---|---|---|
| 21 September | 22 September | 2021 |

   3. Wat is 'n sinoniem vir die woord 'habitat'? (1)

| | | |
|---|---|---|
| omgewing | grasse | bosveld |

   4. Hoe kan ons die Renoster-organisasie kontak? (1)

| | | |
|---|---|---|
| selfoon | telefoon | webwerf |

2. Beantwoord die volgende vraag volledig.

   1. Hoekom sterf die renosters volgens die advertensie uit? Gee drie oorsake.

   1.1 ______________________________

   1.2 ______________________________

   1.3 ______________________________ (3)

3. Vul die ontbrekende woorde in.

   1. Die renosterspesie wat in Indië is, word die ______________________________ genoem.

   2. Daar is wit- en ____________________renosters in Afrika.

   3. Die renoster is deel van die Groot Vyf. Noem nog enige ander dier wat deel is van die Groot Vyf.

   ______________________________ (3)

**[Totaal: 10]**




twinkl Quality Standard Approved

LIVEWORKSHEETS

## Afdeling C: Opsomming

**Lees die volgende inligting oor renosters en som dit op.**



OPDRAG:

1. Som die volgende inligting puntsgewys op.
2. Som die inligting op in 5 sinne.
3. Gee 'n titel vir jou opsomming.
4. Jy moet nie meer as 50 woorde hê nie.
5. Onthou om jou woordtelling neer te skryf.


1. Renosters is 'n bedreigde spesie en wat spesiaal beskerm word. In Zimbabwe word renosters deur die wet beskerm.
2. Baie min renosters lewe in die natuur. Hulle horings is in groot aanvraag op die Asië-mark.
3. Om met renosterhorings te handel is teen die wet. Dit is 'n misdaad om renosters dood te maak en hulle horings te verwerk.
4. Stropers stel hulle lewens in gevaar en kan doodgeskiet word of tot nege jaar in die gevangenis opgesluit word.
5. Die horing van die renoster bestaan uit dieselfde materiaal wat in jou naels en hare is.


twinkl Quality Standard Approved
LIVEWORKSHEETS

| Rubriek: Opsomming - Kriteria | Moontlike punte: | Punte toegeken: |
|---|---|---|
| 1) Opdrag is volledig gevolg. | **2** | |
| 2) Woordorde en sinskonstruksie. | **2** | |
| 3) Spelling en leestekens. | **1** | |
| TOTAAL | **5** | |

**[Totaal: 5]**

## Afdeling D: Taal in konteks




1. Kyk na die tekeninge hier onder. Skryf die sin oor in die **indirekte rede**.

   1. Alida sê ________________________________ (1)

2. Pas kolom A by kolom B en skryf slegs die korrekte letter langs die nommer neer. **(woordsoorte, sinonieme, antonieme en homofone)** (6 x $\frac{1}{2}$ = 3)

| Beskrywing/ Vraag: | Antwoorde: |
|---|---|
| 1. Ek koop 'n **geskenk** vir my ma. - sinoniem | a) eienaam |
| 2. Die weer vandag is **koud**, nie _______ nie. - antoniem | b) pragtig |
| 3. Baie mense (rys / reis) deur die wêreld. - homofoon | c) soortnaam |
| **4. Zahara** hou baie van aarbei-roomys. - woordsoort | d) versamelnaam |
| 5. Andile hardloop vir 'n **swerm** bye weg. - woordsoort | e) rys |
| 6. Die meisie is baie **mooi**. - sinoniem | f) warm |
| | g) present |
| | h) reis |

1. _______ 2. _______ 3. _______ 4. _______ 5. _______ 6. _______



besoek twinkl.co.za
LIVEWORKSHEETS

3. Skryf die volgende sinne in die **ontkennende/ negatiewe** vorm.

    1. Thabo het alles in sy tas gepak.

        Nee, ______________________________________________________ (1)

    2. Was jy al ooit by die nuwe skoolsaal?

        Nee, ______________________________________________________ (1)

4. Skryf die volgende sinne oor en voeg hulle bymekaar met die woord in hakies.

    1. Die mense is baie kwaad. Die stropers maak die renosters dood. (want)

        ______________________________________________________ (1)


    2. Ek en my vriende gaan geld insamel. Ons red die renosters. (sodat)

        ______________________________________________________ (1)

5. Voltooi die volgende tabel deur die korrekte **trappe van vergelyking** in te vul. ($4 \times \frac{1}{2} = 2$)

| **Woord:** | **Vergrotende trap:** | **Oortreffende trap:** |
|---|---|---|
| goed | beter | 1) |
| 2) | meer | meeste |
| slim | 3) | slimste |
| hoog | 4) | hoogste |

**[Totaal: 10]**





twinkl
besoek twinkl.co.za
twinkl Quality Standard Approved
LIVEWORKSHEETS